# KINDERKERK LES: Hosea

**Doel van les:**

Ons gesels oor vreemde opdragte in die Bybel. Dit is 'n eksamenles 'n opdrag wat God aan die profeet Hosea gegee het.

**Aktiwiteit 1: Teken:** Gee vir elke kind 'n blaai en hulle moet 'n prentjie teken van iemand vir wie hulle baie lief is. Laat hulle gesels in groepe oor wie hulle geteken het.

**Sê:** Ons gesels vanaand oor die profeet Hosea en die snaakse ding wat God gevra het hy moet doen. Wie kan onthou wat 'n profeet is? 'n Profeet is 'n boodskapper van God. Hy/sy vertel vir mense wat God gesê het. Hy/sy kan mense waarsku en vertel van goeie of slegte dinge wat gaan gebeur soos God vir hom/haar wys. Hy/sy vertel mense hoe om God te volg.

God het vir Hosea gesê om met 'n vrou te trou, terwyl God geweet het daardie vrou sou Hosea nie met haar hele hart liefhê nie. Hulle het drie kinders gehad, maar die vrou, wie se naam Gomer was, het weggeloop van Hosea, haar man, en verkeerde dinge gaan doen. Dit het Hosea se hart baie seer gemaak. Hosea het vir Gomer vergewe, haar gaan haal en terug gebring huistoe.

Dink net as die persoon wat jy pas geteken het, jou so moes seermaak. God wou vir Sy mense, wat so stout was, wys hoe seer hulle Hom maak met al hulle sondes wat hulle doen. Hy wou ook vir hulle nog iets wys.

**Illustrasie: Sny 'n stuk papier dat 'n persoon deur dit pas: https://www.youtube.com/watch?v=4jBUwH-TfqQ**

Kry 'n A4 blaai en 'n kind wat help met die illustrasie. Vra: Wie is groter, die blaai of die kind? Kom ons sê die blaai is God se liefde en die kind is ons sondes. Wie lyk groter? (Die kind) Sny die blaai volgens die instruksies en laat die kind deur dit klim.

God het vir die mense probeer wys, dat al het hulle baie sondes gedoen, Sy liefde altyd groter sal wees, as hulle net sal kom vra dat God hulle vergewe, en dan doen wat God sê.

Hosea moes deur met Gomer te trou, en haar elke keer te gaan haal, wat snaaks klink, mense dit leer sodat hulle kan ophou verkeerd doen.

Groepe sluit af met gebed.